

# In FOKUS hierdie week ... Regssake

Vanaf bladsy 10

bewysmateriaal om 'n ongelukseis af te wys as gevolg van roekelose bestuur, of om te bewys dat die bestuurder vals inligting verskaf het met betrekking tot die ongeluk soos byvoorbeeld die spoed wat hy gery het, of valslik beweer dat hy gestop het by 'n stopstraat. Oorskryding van die spoedgrens met meer as 30km per uur word deur meeste versekeraars beskou as roekelose bestuur en kan aanleiding gee tot afwysing van 'n eis.

Alhoewel sommige versekeraars aangedui het dat hulle nie die inligting wat hulle bekom met die moniteringstoestelle sal gebruik om eise af te wys nie, is dit te betwyfel of hulle dit nie sal gebruik teen 'n kliënt om sy oneerlikheid oor die spoed wat hy gery het, te bewys nie. Elkeen moet maar by sy/haar versekeraar seker maak wat hul beleid is hieroor.

Vierde in die ry en die laaste een waarby ek vandag wil stilstaan, is

dronkbestuur en van belang hier is, dat 'n versekeraar kan weier om te betaal vir ongeluiskade, sonder dat enige asem- of bloedtoetse gedoen is en as slegs vermoed word dat die bestuurder waarskynlik onder die invloed van alkohol of dwelms was ten tyde van die ongeluk. Terwyl die staat bo redelike twyfel moet bewys dat 'n persoon onder die invloed was in 'n dronkbestuur saak, hoef die versekeraar dit slegs op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys, deur middel van omstandighedsgetuies, om so 'n eis af te wys. Dit sal nie eers help om weg te hardloop van die ongelukstoneel af nie. Daar is talle gevalle waar versekeraars geweier het om te betaal omdat die bestuurder die ongelukstoneel verlaat het waar daar beseerdes was of die bestuurder versuim het om te stop en vas te stel wat die omvang van die skade van die ander party was.

Nie slegs kan die versekeraar weier om in die gevalle hierbo die versekerde se skade te betaal nie,



## Jansen Prokureurs

Prokureurs • Attorneys at Law • Aktebesorgers • Conveyancers  
Boedelberedderaars • Administrators

Piercestraat 58, Heilbron • Posbus 890, Heilbron, 9650  
E-Pos/E-Mail: [jhansen@jansenprokureurs.co.za](mailto:jhansen@jansenprokureurs.co.za)  
Tel: 058 852 2816 • Faks / Fax: 086 665 0816

maar ook die eise van derde partye wat betrokke was by die ongeluk, wat beteken dat die versekerde nie slegs sy eie skade uit sy eie sak moet betaal nie, maar ook die van die ander party of partye. Wees dus maar op die hoede wanneer julle

agter die stuur inskuif. Die versekering waaraan ons elke maand so getrou betaal kan ons dalk onder die agterent skop as ons kant nie skoon is nie, en selfs jou prokureur gaan dan sukkel om die kastaiings uit die vuur te krap.

Heilbron  
**Herald**

Elsstraat 44  
Heilbron  
Tel: 058 852 3033

Maandae - Donderdae 07:30 tot 17:00  
Vrydae: 07:30 tot 16:30 • Saterdag: 08:30 tot 13:00

Alle artikels, nuus en advertensies vir die Heilbron Herald van 1 April 2021 moet asb voor of op Dinsdag 30 Maart 2021 ingehandig word, as gevolg van die Paasnaweek.

# LANG LEWE AAN GEHOORSAMES

**K**otie Els het Vrydag haar 98ste verjaarsdag gevier. Johanna Jacoba Susanna (Kotie) Els, is op 19 Maart 1923 gebore as die jongste van 5 kinders. Sy is grootgemaak deur Daan en Jacoba Els op die plaas Middel op die Ruby-pad in die Frankfort rigting. Die familieledede het egter altyd verwys na Ouma en Oupa Daan. Later jare is sy getroud met Okkie Els en het sy haar lewe voortgesit op die plaas Spitsrand op die Greenlandpad in Koppies se rigting. So is sy toe nou 'n dubbele Els. Sy het vir verskeie jare skoolgegee in Heilbron in die tyd toe Mnr. Kleyn skoolhoof was en na Okkie se dood het sy 'n ruk lank in Randfontein gaan skoolgee. Sy het egter terug plaas toe getrek op Heilbron om te help kleinkinders grootmaak. Sy en Okkie het twee kinders gehad – Paul Els en Kobie Els (Fick). Die familieboom het so gegroei dat Kotie op 98 jarige ouderdom met 6 kleinkinders en 10 agterkleinkinders geseën is. Sy is tans woonagtig by haar seun Paul en sy vrou Rolien Els in Breëstraat. Haar kleindogter Kobie

Greyvenstein skryf:  
*Liefste ouma  
As ek terugdink aan my kinderjare,  
is daar nie een spesiale  
herinnering waarin ouma nie is  
nie.  
As oud-onderwyseres was  
elke geleentheid omskep in 'n  
geleentheid om te leer. So het  
kaartspeel my geleer tel en van  
wiskunde geleer. Ek was Dynasty,  
Dallas en Thornbirds se grootste  
aanhanger... waar Oumie die  
geduld gekry het om elke woord  
te vertaal en aan 'n 5 jarige te  
verduidelik, gaan nou nog my  
verstand te bowe, maar een, twee,  
drie en siedaar.... ek kon Engels  
praat.  
Vir die eerste 7 jaar van my lewe  
wou ek by niemand anders wees  
nie, arme mamma en pappa het hul  
hande vol gehad die dag toe ek by  
hulle moes "intrek" om skool toe  
te gaan.  
Later was dit my beurt om Ouma  
te leer... van selfone en Facebook  
en Whatsapp en ek moet sê, ouma  
werk met daai iPhone soos 'n  
"pro"!!  
Vir amper 4 dekades het ek die  
voorreg om iemand te ken wat*

*almal se belange bo haar eie stel,  
wat onvoorwaardelik lief het en  
wie se hande vir niks verkeerd  
staan nie. Ek het so baie by Ouma  
geleer, dankie daarvoor.  
Die Here sê telkemaal in Sy  
Woord dat Hy vir dié wat Hom  
gehoorsaam, 'n lang lewe sal gee...  
ons wie vir Ouma lief het, kan*

*dus net dankie sê vir Ouma se  
gehoorsaamheid en die voorreg  
om Ouma nog steeds deel van ons  
lewens te hê. 100 is om die draai,  
mag die Here Ouma seën met  
'n wonderlike nuwe lewensjaar,  
gesondheid, liefde en baie geluk.  
Liefde  
Klein Kobie*



Op die foto vl: Karen Schoeman, Kotie Els, Kobie Greyvensteyn, en August Els.



Op die foto Kotie Els en haar agterkleinkinders.